**Hersieningsoefening (Hoofstuk 11)**
Lees die volgende koerantberig en beantwoord dan die taalvrae wat daarop volg. Daar is opsetlike foute in die teks.

**TEKS A**

MISVERSTAND SORG VIR TRAGEDIE
Deur Andries Swart

1 HUMANSDORP. - (Mejuffrou) Sandy Jones (19) is gister deur ŉ grootwithaai by Huisklipstrand naby Humansdorp aangeval.

2 Mnr. Charles Brown, ŉ (lewe + redder), het vertel dat hy op die strand gestaan het. (Hy sien hoe die haai op Jones afpyl.) Hy het vir haar geskree dat daar 'n haai agter haar was, maar sy het hom verkeerd verstaan en gedink hy groet haar. Hy het haar te hulp gesnel en uit die water gehelp. "Sy kon nie praat toe ek by haar kom nie. Sy was baie geskok en het baie bloed verloor." (Jones doen ernstige bytwonde aan haar bobeen op. Sy verloor baie bloed.) Sy (was/is) per ambulans na ŉ plaaslike hospitaal gebring.

3 Die strand was vir die res van die dag gesluit. Daar was nog altyd haai-aanvalle in die gebied.

4 Mnr. Tom Clark het gesê omtrent ses branderryers was in die water. Jones was die (ver) tussen die branders. Hy het ŉ geskree gehoor en gesien hoe Jones van haar branderplank val.

5 Volgens dr. Donovan Stone, van die KwaZulu-Natalse Haairaad, byt haaie dikwels voorwerpe. Haaie probeer uitvind of dit moontlik ŉ lekker prooi kan wees as hulle voorwerpe byt.

1. Gee die afkorting vir "Mejuffrou" (par. 1). (1)
2. Skryf uit in woorde: 19 (par. 1) (1)
3. Skryf die volgende sin oor en begin met die onderstreepte woorde: Mejuffrou Sandy Jones is gister deur ŉ <u>grootwithaai</u> by Huisklipstrand naby Humansdorp aangeval (par. 1). (2)
4. Vorm 'n samestelling van: lewe + redder (par. 2). (1)
5. Skryf die sin oor in die verlede tyd: Hy sien hoe die haai op Jones afpyl (par. 2). (2)
6. Skryf die sin oor in die indirekte rede: "Sy kon nie praat toe ek by haar kom nie." (par. 2) (2)
   Die man sê dat ..
7. Skryf die volgende sinne oor in die verlede tyd: Jones doen ernstige bytwonde aan haar bobeen op. Sy verloor baie bloed. (par. 2) (2)
8. Kies die korrekte woord tussen hakies: Sy (was/is) per ambulans na ŉ plaaslike hospitaal gebring. (par. 2) (1)
9. Skryf die sin oor in die ontkennende vorm: Daar was nog altyd haai-aanvalle in die gebied. (par. 3) (1)
10. Gee die korrekte trap van vergelyking tussen hakies: Jones was die (ver) tussen die branders. (par. 4) (1)
11. Skryf die sin oor in die toekomende tyd: Volgens dr. Donovan Stone, van die KwaZulu-Natalse Haairaad, byt haaie dikwels voorwerpe. (par. 5) (1)
12. Haaie probeer uitvind of dit moontlik ŉ lekker prooi kan wees as hulle voorwerpe byt. (par. 5)

a. Skryf DRIE selfstandige naamwoorde neer. (3)
b. Skryf EEN byvoeglike naamwoord neer. (1)
c. Skryf EEN voegwoord neer. (1)

Hierdie bladsy mag gekopieer word.

**Hersieningsoefening (Hoofstuk 11)**
**Memorandum**

1. Gee die afkorting vir "Mejuffrou" (par. 1). (1)
*Mej. (Hier moet dit met ’n hoofletter wees; ’n punt aan die einde is opsioneel.)*
2. Skryf uit in woorde: 19 (par. 1) (1)
*negentien/neëntien (Verduidelik weer dat die deelteken die ee-klank in twee afsonderlike klanke verdeel.)*
3. Skryf die volgende sin oor en begin met die onderstreepte woorde: Mejuffrou Sandy Jones is gister deur ’n grootwithaai by Huisklipstrand naby Humansdorp aangeval (par. 1). (2)
*’n Grootwithaai het (1) (gister) mejuffrou Sandy Jones (gister) by Huisklipstrand naby Humansdorp aangeval. (1) (Verduidelik weer lydende en bedrywende vorm – verlede tyd)*
4. Vorm ’n samestelling van: lewe + redder (par. 2). (1)
*lewensredder*
5. Skryf die sin oor in die verlede tyd: Hy sien hoe die haai op Jones afpyl (par. 2). (2)
*Hy het gesien (1) hoe die haai op Jones afpyl/afgepyl het. (1) (Verduidelik deeltjiewerkwoord: afpyl – sal afpyl – het afgepyl. Verduidelik ook gou homofone: pyl/peil)*
6. Skryf die sin oor in die indirekte rede: "Sy kon nie praat toe ek by haar kom nie." (par. 2) (2)
Die man sê dat ..
*Die man sê dat sy nie kon praat (1) toe hy by haar kom nie. (1)(Verduidelik weer die drie groepe voegwoorde en hoe die werkwoord telkens skuif.)*
7. Skryf die volgende sinne oor in die verlede tyd: Jones doen ernstige bytwonde aan haar bobeen op. Sy verloor baie bloed. (par. 2) (2)
*Jones het ernstige bytwonde aan haar bobeen opgedoen. (1) Sy het baie bloed verloor. (1) (Verduidelik weer dat werkwoorde wat met ge-, be-, her-, er-, ont- en ver- begin nie ge- kry in die verlede tyd nie).*
8. Kies die korrekte woord tussen hakies: Sy (was/is) per ambulans na ’n plaaslike hospitaal gebring. (par. 2) (1)
*is (Verduidelik verskil tussen was as koppelwerkwoord en was as hulpwerkwoord van vorm. Maak seker die klas verstaan die lydende vorm in die verlede tyd.)*
9. Skryf die sin oor in die ontkennende vorm: Daar was nog altyd haai-aanvalle in die gebied. (par. 3) (1)
*Daar was nog nooit haai-aanvalle in die gebied nie.*
10. Gee die korrekte trap van vergelyking tussen hakies: Jones was die (ver) tussen die branders. (par. 4) (1)
*verste (Herinner leerders aan die terme: stellende, vergrotende en oortreffende trap.)*
11. Skryf die sin oor in die toekomende tyd: Volgens dr. Donovan Stone, van die KwaZulu-Natalse Haairaad, byt haaie dikwels voorwerpe. (par. 5) (1)
*Volgens dr. Donovan Stone van die KwaZulu-Natalse Haairaad, sal haaie dikwels voorwerpe byt.*
12. Haaie probeer uitvind of dit moontlik ’n lekker prooi kan wees as hulle voorwerpe byt. (par. 5)
a. Skryf DRIE selfstandige naamwoorde neer. *Haaie(1); prooi(1); voorwerpe(1)*
b. Skryf EEN byvoeglike naamwoord neer. *lekker* (1)
c. Skryf EEN voegwoord neer. *of/as [Verduidelik die verskil tussen "of " (whether/if), "as" (when/if)*.] (1)

(20)